Navrae
Enquiries
IMibuzo MS.R VAN HAAGHT

Telefoon
Telephone
IFoni (021) 467-2775

Faks
Fax
IFeksi (021) 467-2996

Verwysing
Reference
ISalathiso 8/7/B
20020306-0016

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

OMSENDBRIEF: 0023/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS, SENIOR KRINGBESTUURDERS, KRINGBESTUURDERS EN VAKADVISEURS

*KORT OPSOMMING: Inligting oor parkering op skoolgronde*

**ONDERWERP: PARKERING OP SKOOLTERREIN**

1. Voertuie wat aan opvoeders behoort, word soms beskadig terwyl dit gedurende skoolure op die skoolterrein geparkeer is. Die voertuie word beskadig deur ander voertuigeienaars, leerders of ander persone wat skoolpersele betree. Die vraag ontstaan of hierdie opvoeders die Departement of die skool verantwoordelik kan hou vir sodanige skade.

2. Opvoeders wat hul private voertuie op skoolgronde parkeer, doen dit op hulle eie risiko. Hulle moet dus aangeraai word om die nodige versekeringsdekking teen skade van hierdie aard te reël.

3. In die lig van die bogemelde word prinsipale en beheerliggame versoek om dit ernstig te oorweeg om kennisgewingborde in hul parkeerareas aan te bring wat duidelik aandui dat;

   (a) opvoeders hul voertuie op eie risiko op die skoolgrond parkeer; en

   (b) in die geval van enige skade aan 'n voertuig, die WKOD of skool nie verantwoordelik gehou sal kan word nie. Prinsipale en beheerliggame moet nie enige opdragte gee of voorstelle maak wat later mag veroorsaak dat hulle vir skade aan opvoeders se voertuie wat op skoolterreine geparkeer word, verantwoordelik gehou sal kan word nie.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbendes.

WND. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2002-04-16